November 2026 11/26 GK Pretoria-Annlin Maandblad

Die Fontein



Ankers

Geanker in geloof bo en behalwe omstandighede

5-punt plan vir vaste geloof

Hoop/geanker op die toekoms

Die Fontein
Maandblad

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN
NOVEMBER 2026

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordenking: In die storm: Hou vas aan wat die Here gesê het!

03 Hoop/geanker op die toekoms

04 Geanker in geloof bo en behalwe omstandighede

05 5-punt plan vir vaste geloof

07 Gebedsversoeke: Ons gebede geanker in die wil van die Here

08 Gebedsversoeke: Die Bron van Lewende Water

Gemeentenuus

09 Gemeentekamp bied kos vir liggaam en gees

11 "Survivor Night" 2026: Jeug

12 So het God ons hervorm / Feestelike ontbyt vir bo-sewentigers

13 Kerkfinansies

14 Diakonie: Finansies

15 Ons sê welkom ...

Rubrieke

17 Diakonie: Diakonale kongres 2026

18 Dit borrel in my!

19 Ons deel met mekaar ...

20 Blokraai

22 Diere en voëls van die Bybel

23 Tienerfokus

Kinderhoekie

24 Vervolgverhaal

25 Kleuterpret

26 Jongmensjolyt

Advertensies

27 Snuffelfontein

28 Blokadvertensies

Teks vir die maand:
Daarom moet ons baie meer luister na die dinge wat die Seun vir ons kom sê het. Ons moet dit doen sodat ons nie word soos 'n skip wat by die hawe verbydryf nie.
-Hebreërs 2:1 (Bybel vir Almal)

Aanhaling vir die maand:
"God's work is your anchor. Drop it deep in your spirit and stand strong when the storms come."
Victoria Osteen

Redaksioneel

Uit die redakteur se pen



Geanker. Stabiel. Vasgegrond. Gewortel. Staande. Dit is waarop ons in die November-uitgawe van Die Fontein fokus.

'n **Anker** is 'n swaar ysterhaak wat aan die onderpunt van 'n ketting vas is en wat oorboord gegooi word om 'n skip vas te lê sodat dit nie op die water ronddobber of selfs deur die golwe weggesleur word nie.

Figuurlik gesproke is iemand wat ons veilig laat voel, ons anker in die lewe. Daardie persoon gee aan ons standvastigheid en bring 'n rustigheid in ons bestaan omdat ons veilig voel in daardie verhouding.

Die anker as simbool is vol ryk simboliek, ook vir ons as Christene, al word die woord slegs 'n paar keer direk in die Bybel gebruik. Die Bybelse anker simboliseer hoop, geloof, standvastigheid, veiligheid en vertroue in God se onveranderlike beloftes.

In ons Woordoordenking fokus ons hierdie maand op die feit dat ons moet stil word en opnuut moet weet dat die Here ons anker in die lewe is. In die ander toerustingsartikels fokus ons op die verskillende toepassings van hierdie lewensbeginsel en ook dat ons reeds in die toekoms geanker is omdat ons hoop en sekerheid in Jesus vasgelê is. Ons kyk verder na praktiese wenke wat ons in ons lewens kan toepas om te verhoed dat ons wegdryf van ons Vader af.

Dit is belangrik dat ons kinders reeds van jongs af leer om stewig in hulle geloof gegrond te leef en met die aktiwiteite en artikels vir hulle, fokus ons spesiaal daarop om die boodskap aan hulle te bring op 'n manier wat vir hulle verstaanbaar is en tot hulle spreek. Maak dus seker dat Die Fontein ook by ons jongmense uitkom, want as gemeente is dit ook ons plig om ons jong dooplidmate te lei in hierdie proses van vernuwing.

In hierdie uitgawe begin ons met 'n nuwe reeks artikels oor die werk van die diakonie in 'n gemeente en kyk ook wat die afgelope maand in ons gemeente gebeur het.

Hierdie maand is daar weer 'n blokkiesraaisel - onthou om dit in te vul en by die Kerkkantoor in te dien. Onthou ons hou boek van al die inskrywings en in 2027 wag daar 'n beloning op die persone wat getrou elke maand hul blokkiesraaisels indien.

As jy voel jy wil graag 'n bydrae lewer vir Die Fontein, moenie huiwer nie. Kontak ons gerus. Bydraes is altyd welkom. Briewe, artikels, geloofservarings of ander nuus kan per e-pos ingestuur word na **fontein@annlin.co.za**.

Lekker lees!
Magda



Woordoordenking: In die storm: Hou vas aan wat die Here gesê het!

Ds. Pieter Kurpershoek

Lees: Handelinge 27:13-44

Sing: Lied 519:1-4

Wat maak ek wanneer ek in die middel van 'n storm beland?
Petrus sou sê (Matt. 14:28-33):
Moenie jou oë van Jesus afhaal en na die wind begin kyk nie, want dan gaan jy sink!
en Paulus (Hand. 27:21-26):
Moenie in die storm invaar as dit nie nodig is nie. Maar, as jy in die storm is, hou vas aan wat die Here gesê het.

Hou vas aan Jesus, aan die Woord, aan wat die Here gesê het!

Paulus en Lukas is saam met die soldate wat hom na Rome moet bring, in die stormsee vasgevang. Dae lank is alles donker en woed die storm voort. Daarom, soos Lukas dit skryf, is **alle hoop om gered te word ... ons ontneem** (Hand. 27:20).

En tog roep Paulus die soldate en matrose wat saam met hom is op om moed te hou (Hand. 27:22, 25)! Hoekom? Want Paulus het self gehoor hoe die Here deur sy engel belowe dat almal wat saam met hom vaar, behou sal word, veilig uit hierdie storm sal uitkom (Hand. 27:24).

Omtrent twee weke later is hulle steeds op die skip vasgevang. Vroegoggend spoor Paulus hulle aan om te eet en bemoedig hulle met Jesus se eie woorde (Luk. 21:18 en Hand. 27:34): **Daar sal nie 'n haar van een van julle se kop verlore gaan nie.**



Die manne eet, gooi die res van die koring oorboord, kap die ankers van die skip af, beleef hoe die skip se agterstewe afbreek en almal in die see beland. En tog is die uiteinde (Hand. 27:44): **En so het almal behoue aan land gekom!**

Wat rig dus my gedagtes en gee my moed wanneer ek in die storm vasgevang is? Wat gee my vastigheid wanneer ek voel dat alles om my wankel?

Die Here Jesus self ... en sy woorde!

Daarom:
Wanneer die finansiële markte op en af wip en die petrolprys skerp styg: Bly na Jesus luister (Matt. 6:31-33): Moet julle daarom nie bekommer en vra: Wat sal ons eet? **... Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word ...**

Wanneer jy in 'n lewenstorm vasgevang is en voel asof jy verskroei gaan word: Onthou die Here se woorde deur Jesaja (Jes. 43:5): **Moenie bang wees nie, want Ek is by jou.**

Wanneer jy deur die donker wolke omvou word en voel asof jy alléén-alleen is, hoor die bekende woorde van Dawid, gelei deur die Gees (Ps. 23:4): **Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan, is ek nie bang vir gevaar nie, want U is by my!**

Wanneer jy dus in die storm leef, anker jouself in die Here se Woord. Laat Sy woorde jou aanspoor om deur die stormgolwe heen op te kyk na die kruis, na ons Here Jesus! Dis in Hom wat jou en my hoop bo die storm uitstyg!

Hoop/geanker op die toekoms

Corrie van Wyk

Die woord geanker is die verlede deelwoord van die werkwoord **anker**, wat letterlik beteken om 'n skip met 'n anker vas te lê sodat dit nie deur die water of wind weggedryf word nie.

'n Mens sien nie 'n anker nie. Dit lê êrens diep onder die water. Daar steek dit stewig in die grond vas. Al wat jy sien, is 'n kabel/tou. Dit strek vanaf die dek oor die reling en dan eindig dit in die water. Iemand wat dit nie weet nie, sal sê: haai, dis snaaks, daar hang 'n stuk tou in die water. Ja, sê die kaptein dan, en jou lewe hang daarvan af.

My lewe? Ja, kyk maar gerus. En hy wys jou waarheen lei die tou. In jou gedagtes volg jy die tou na onder. Diep onder die golwe lê die anker. Veilig en vas.

Volg nou so in jou gedagtes die tou ... boontoe. Opwaarts. As Christene is dit waar ons anker is. "... en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel." Hebreërs. 6:19

Vanuit 'n Bybelse perspektief beteken om geanker te wees in hoop op die toekoms 'n absolute, rotsvaste sekerheid. Die Skrif anker ons hoop in die onveranderlike karakter en beloftes van God.

Hier is 'n kernaspek van hierdie kragtige Bybelse perspektief:

Die metafoor van die Anker (Heb. 6:19)
'n Omgekeerde anker: 'n Skip gooi sy anker afwaarts in die donker water, onseker of dit gaan vashou. Die Christen se anker is egter opwaarts en vorentoe gegooi – vasgemaak agter die voorhangsel in die ewigheid by God self.



Om geanker te wees in die toekoms beteken dat jy vandag met 'n **positiewe verwagting** kan leef, selfs al is die storms rondom jou hoe groot. Jou ewigheid is reeds veilig geanker in God se hande.

'n Gedagte en Bybelse beginsel oor hoe 'n gelowige geanker kan bly.
Christus as die vaste anker

- **Kolossense 2:7** "Bly in Christus geanker en bou op Hom, standvastig in die geloof."
- **Die betekenis:** Christus is die fondament. Wanneer jy "in Hom" gewortel is, skud storms en onsekere tye jou nie van jou geloof af nie.

Soms dink jy: ons vergaan! Al U golwe spoel oor my. 'n Passasier kom op die dek, sien die woeste see en roep uit: Sal ons dit oorleef?
En die kaptein sê: Ons lê voor anker.
Moenie bang wees nie. Jy sien dit nie. Jy sien net daardie stuk tou. Maar aan die punt daarvan is ons anker.

Dit is die evangelie vandag. Die see van die wêreld gaan tekere. Soms dink jy: Ons vergaan! Al U golwe spoel oor my. En jy sien en hoor die vraag in baie mense se lewens: Sal ons dit oorleef? Christus se antwoord is om nie bang te wees nie. Jou lewe lê voor anker.

So werk hoop in 'n Christen se lewe. Dit is 'n anker wat Christus vasgemaak het aan die troon van God. Wanneer ons aan God vasgeanker is, kan die storms maar kom, dit sal ons nie van koers af druk nie, want God is sterker as enige storm.

Geanker in geloof bo en behalwe omstandighede

Magda du Toit

Ons as mense sien so maklik die negatiewe in elke situasie raak. Slegte nuus verlam ons. Terugslae maak ons depressief. Wanneer ons nie ons sin kry nie, raak ons dikwels opstandig. Daarteenoor is dit maklik om vol vreugde te wees wanneer dit goed gaan.

Bepaal jou omstandighede hoe jy optree? Beheer jou gevoelens en emosies jou lewe? Of leef jy elke dag dieselfde – uit geloof?

Daar is 'n groot verskil tussen om deur jou emosies gedryf te word of om te leef, geanker in jou geloof. Wanneer ons die Bybel bestudeer, word ons telkens opgeroep om verby ons omstandighede te kyk. Ons word daarop gewys dat ons deur geloof moet lewe.

'n Lewe deur geloof stel ons in staat om verder as ons alledaagse omstandighede te sien. Dit help ons om diep te delf vir moed en krag, en ook selfbeheersing, wanneer omstandighede dit van ons verg.

Sleutelpunte:

- Ons moet die gevaar daarvan raaksien om ons emosies toe te laat om ons rigting en optrede te bepaal.
- Ons moet leer om God te vertrou, selfs wanneer ons anders voel.
- Ons moet onthou dat ons geloof 'n konstante is in voortdurend veranderende omstandighede.

Hoe kan ons dit regkry?

Spreuke 3:5-6: Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. Wanneer ons volkome op die Here vertrou, elke dag met ons hand in dié van die Here aanpak, dan leef ons geloofsgedrewe. Daardie vaste wete dat God daar is – dit is ons anker in die lewe.

In die tyd toe Jesus gelewe het, was die skepe maar klein en uitgelewer aan die elemente. Die mense was bang vir storms, winde en groot golwe. Die see is dikwels simbolies gebruik om gevare en vrese uit te beeld. Hoewel vandag se skepe groter is, koester ons steeds groot ontsag vir storms, winde en golwe en weet ons dat ons 'n anker nodig het om te verhoed dat ons deur die seestorms meegesleur word.

Jesus hou ons egter nie net bestendig op ons lewenspad nie. Hy anker ons ook in ons verhouding met God.

Nie een van ons kan seker wees wat vandag of môre met ons gaan gebeur nie. Maar ons kan verseker weet dat ons deur Jesus in God ons Vader geanker is. Maak nie saak hoe hoog of laag die storm is nie, die Here bly ons anker wat ons nie sal los as die lewe uitdagend raak nie.

Daarom, vind jou vreugde in die Here en nie net in jou omstandighede nie. Moenie dat dit wat om jou gebeur jou van koers af dryf nie.

5-punt plan vir vaste geloof

Henriëtte Mulder

Om in ons geloof geanker te bly, is nie altyd maklik nie. Meeste van die tyd is dit baie makliker om teen die aanslae van die lewe in te gee. Ons gee in wanneer dinge sleg gaan, ons gee in wanneer dinge goed gaan en met alles in die middel.

Dus, wat kan óns doen om onsself te help om in ons geloof geanker te bly?

Hier is 5 praktiese maniere hoe ons onsself kan help:



1. Bid gedurig

Twee woorde. Só eenvoudig en tog terselfdertyd so moeilik. Hierdie opdrag om gedurig te bid, is aan die gemeente van Tessalonika in 1 Tessalonisense 5:17 gegee. Meer as tweeduisend jaar later geld hierdie opdrag steeds. Wanneer ons gebed deelmaak van ons lewens, is dit makliker om nie op die verkeerde dinge te fokus nie. En wanneer ons voel ons kan nie meer nie, kan ons slegs ons gedagtes op God rig, ons het nie eens woorde nodig nie, hetsy dit hoorbare woorde of in ons gedagtes is. Wanneer ons nie weet wat nie, weet Hy steeds.



2. Lees die Bybel

Ons lewens is besig, die wêreld 'n dolle gejaag. Dit gee aan ons 'n gerieflike verskoning om nie tyd met God se Woord te spandeer nie. En hoe kan ons geloof geanker wees as ons nie die Woord ken nie, as ons nie weet wat reg en verkeerd is nie? Begin deur dit 'n gewoonte te maak, dit sal oorskuif in 'n behoefte. Begin klein, maar begin. In Josua 1:8 word ons herinner: "Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag ..."



3. Wees betrokke in 'n gemeenskap van gelowiges

Ons geloof word verder geanker wanneer ons tyd saam met ander gelowiges deurbring. Hebreërs 10:25 sê: "Ons moenie van die samekomste van die gemeente wegbly nie ... maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan." Saam kan ons mekaar ondersteun in die slegte tye, saam feesvier in die goeie tye en mekaar versterk in ons daaglikse lewens.

5-punt plan vir vaste geloof (vervolg)

4. Doen goed aan ander

Jakobus sê in hoofstuk 2 dat geloof wat nie oorgaan in dade nie, dood is. Deurdat ons geloof sigbaar word in dade aan ander, of dit net is om iemand se hand langs 'n hospitaalbed vas te hou, of kos en klere in te samel vir die armes, of vir iemand 'n briefie of boodskap te stuur, help ons om te onthou dat die lewe soveel meer as net oor onsself gaan. Dit gaan oor die Liefde wat ons bevoorreg is om te hê – dieselfde Liefde waaraan ons die voorreg het om aan geanker te wees.

5. Wees dankbaar

Dankbaarheid is partykeer die moeilikste ding vir die mens om te doen. Ons leer nie altyd hoe om dankbaar te wees nie, en ja, dis iets wat ons moet leer en beoefen. Begin dalk deur 'n eenvoudige kalender te kry waarop jy daagliks een ding – klein of groot – waarvoor jy dankbaar kan wees kan aandui. Of gebruik jou foon en kry 'n toepassing (app) wat jy met jou gesin en vriende kan deel waarop julle julle dankbaarheid kan deel. So kan ons mekaar opbou en kan ander ons opbou.

Wanneer ons hierdie dinge in praktyk beoefen, maak dit ons daagliks daarvan bewus dat God in beheer is, selfs wanneer dit voel of die wêreld teen jou is. Wanneer ons onthou dat God in beheer is, kan ons baie makliker geanker bly in ons geloof. Dit beteken nie dat ons nie gaan struikel nie, dit beteken nie dat ons nie gaan twyfel of selfs kwaad raak vir God nie, maar dit beteken dat ons onthou Hy is liewer vir ons as wat ons ooit sal kan verstaan. En omdat Hy lief is vir ons, is ons nie alleen nie en kan ons, wanneer ons voel ons wegdryf van God af, weet dat ons aan Hom geanker is.



Gebedsversoeke: Ons gebede geanker in die wil van die Here

Harko Mulder

Matteus 6:9-13

Onse Vader wat in die hemele is,
U is die almagtige God. U het alles gemaak met 'n doel. U gebruik ons as gelowiges om hierdie doel te bereik. Daarom bid ons: Leer ons U wil, Here, sodat ons U medewerkers kan wees.

U het ons geleer U doel is dat U koninkryk sal groei. U het ons as gelowiges deel gemaak van U koninkryk. Daarom bid ons: Mag ons tog groei in ons geloof en in ons diens aan U, ons Koning. Mag ons medewerkers wees sodat ook meer mense deel van U koninkryk sal word.

U het ons geleer die hoogste doel is dat U Naam geheilig moet word. U Naam word juis geheilig wanneer ons U wil ken en doen in U koninkryk. Daarom bid ons: Help ons om U heerlikheid te sien. Help ons om U Naam te heilig.

As ons binne U koninkryk wil doen wat volgens U wil is, sodat U Naam geheilig sal word, dan het ons middele nodig. Daarom bid ons: Gee ons vandag ons daaglikse brood.

As ons dink dat ons U wil moet doen sodat U koninkryk sal groei en U Naam geheilig word, dan staan ons ontbloot voor U, want ons is sondaars wat nie eens in U teenwoordigheid behoort te kom nie. Daarom bid ons: Vergewe ons ons sonde op grond van die versoeningsoffer van U Seun.

As ons eerlik is, moet ons erken ons faal al te dikwels om U wil in U koninkryk tot U eer te doen omdat ons swig voor ons aartsvyande. Daarom bid ons: Bring ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose.

Want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen



Gebedsversoeke: Die Bron van Lewende Water

Carina Pyper

Here, daar is tuine waar so baie plantjies nie “blom” of “vrug” dra nie omdat hul nie genoeg water kry nie.



So is dit ook met ons as mensdom. Net soos die plantjies wat nie water kry nie verwelk, so gebeur dieselfde met ons as ons nie die Bron van Lewende Water in ons harte ontvang nie. Ons “verwelk” – ons lewe nie in U lig nie.

Sonder U in ons harte, lewe die mens net vir die self, vir goed en vir geld. Hierdie dinge is so verganklik. Daarom Here, roep ons U aan. Wees asseblief met U kinders hier op aarde. Help ons sodat ons ons krag en sterkte uit U Bron van Lewende Water sal put. Sondae vloei die Lewende Water vanuit die prediking. En daagliks vloei dit uit U Woord wat ons kan lees. Daarvoor dank ons U Here.

Laat dit ons ook in ons omstandighede lei. Diegene wat swaarkry – of dit nou weens ouderdom, probleme in huwelike, siektes soos kanker, gebrekkige verhoudings met ons kinders, die feit dat ons kinders wat ver in die buiteland is U nie aanneem soos hulle moet nie, of moeilike werksomstandighede is. Here, daar is baie dinge waarin ons U leiding nodig het.

Seën asseblief ons gemeente en die werk wat hier gedoen word in ons omgewing.
Dankie dat ons dit aan U genadetroon kan opdra.

Laat U Naam geheilig word. Laat U Koninkryk kom. Laat U wil geskied soos in die hemel, net so ook op die aarde. In Jesus Naam.

AMEN

Gemeentekamp bied kos vir liggaam en gees

Annette Schoeman

Gemeentekamp 16 – 18 Oktober
Lank vóór drie-uur die middag het kampgangers reeds by die Eden-konferensiesentrum begin opdaag en die naweek se groot saamkuier met hamburgers afgeskop.

Ons benadering behoort te wees om nie sake te hanteer nie, maar mense.

Volgende op die agenda was 'n afvaardiging van Pretoria se Boeredansgroep wat jolige lyndanslesse aangebied het. Na dié joligheid het ons die vreugdevolle voorreg gehad om almal saam huisgodsdiens te hou. Hierna het 'n groep lawwes die lyndanspassies van vroeër probeer vervolmaak. Daar was bordspeletjies en vingerbord beskikbaar vir dié wie se voete moeg geraak het (of nie die kloutjie by die oor met al die lyndanspassies kon bring nie). Tot laatnag toe is ons met 'bodemlose' koffie, koekies en beskuit bederf.

Saterdagoggend het ons dagbesoekers al vroeg-vroeg opgedaag om betyds te wees vir ontbyt. Teen nege-uur moes ons kampkommandant, Kobus du Plessis, almal aanmoedig om klaar te eet en nader te staan om na Hannes Noëth se gesprek oor konflikhantering te luister. Volgens Hannes is daar **blokkiesmense** – die mense onder ons wat van struktuur, feite en duidelike reëls hou en **sirkelmense** – die mense wat op verhoudings, harmonie en ander se gevoelens fokus. Hy het bygevoeg dat ons mekaar nie kan verander of moet probeer doen nie.

Konflikhantering sluit die konflik wat ons met God, met onsself en met ander het, in. Hierdie drie verhoudings is interafhanklik [aanmekaar geweef]. In ons hantering van konflik, moet ons in alle gevalle en ten alle tye gehoor gee aan God se Woord en Gees. Om in vrede met God, onsself en ons naaste te leef, is nie 'n seisoen nie – dit is 'n manier van leef.

Filippense 4:7:
En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Broer Pieter Pretorius se praatjie oor bye was net so boeiend: oud en jonk het oopbek geluister. Pieter het ons probeer vasvra, maar moes self ook heelwat interessante vrae beantwoord. Ook maar goed so, want dit was warm en mens sou maklik kon insluimer as dit nie was vir die kleurryke aanbieding en artefakte van byeboerdery wat op die verhoog uitgestal is nie: Pieter se wit beskermende pak en helm, asook 'n korf, heuningkoeke en vars heuning.

Gemeentekamp bied kos vir liggaam en gees (vervolg)

Helaas, die swembad was droog. Maar dit het juis die vindingrykeheid van mense aangewakker. Babas is in wasbakke afgekoel; die kinders en sommige dapper grootmense het onder 'n sproeier deurgehardloop en die res is met roomys gelawe.

Die middag se Noot-vir-Noot a la Annlin het meer rumoerig afgeloop as die twee aanbiedinge van vroeër die oggend. Met tye was daar 'n Babelse verwarring, luidkeelse gestry oor punte en watter span se beurt dit was ... die praatjie oor konflikhantering ten spyt. Op die ou end het die Solo's met die louere weggestap, tot die verdriet van die Sieters, Liere en Koragiete.

Sondag is die kamp gepas afgesluit met 'n erediens wat deur ds. Pieter Kurpershoek gelei en met groot vernuftigheid deur Gerda Plomp en Dirk Theron lewendig uitgesaai is!























Survivor Night 2026
Jeugaksie fokus op onderlinge vertroue



Landmyne, tuimelende torings, hindernisbane en natuuurlik, 'n skuiling uit karton, stoele en komberse. **Survivor Night 2026** was vet pret! Die laerskool- en van die hoërskooljeug het hulself gate uit geniet. Daar is landmyne opgestel waardeur jy jou geblinddoekte spanmaat moes navigeer (dit kon darem nie regtig ontplof nie). Die spaghetti- en malvalekkertoring-uitdaging, het teen alle verwagtinge gelykop geëindig. Dit was omtrent 'n kompeterende affêre en daar is kort-kort geloer of die ander span se toring nie dalk al kantel nie.

Bo-oor en onderdeur springtoue en om op 'n zig-zaglyn te loop het vir baie pret gesorg. Dit was 'n aand oorlaai met lag, worsbroodjies en plesier. Ons hoop ons sien almal by die volgende geleentheid!



So het God ons hervorm

Johnny Beumer

In Romeine 5:1-11 beskryf Paulus dat **"daar nou vrede is tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in die geloof ook vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God".** Op 25 Oktober het dr. Brian de Vries sy preek tydens die Hervormingsfeesviering op hierdie besondere teks gebaseer. Die tema was **"How God makes us reformed".**

Elke jaar, teen die einde van Oktober, vier die gemeentes in die Klassis Trans-Magalies die Hervorming. Ons dink terug aan 31 Oktober 1517 toe Martin Luther sy 95 stellings teen die kerkdeur in Wittenberg, Duitsland, vasgespyker het. Daardie gebeurtenis word beskou as die begin van die protestantse hervorming en die wegbeweeg van die dwalinge in die Katolieke Kerk.



Hierdie jaar was dit Grace Reformed Church se beurt om as gasheer die Hervormingsdiens te reël en die diens is in ons kerkgebou gehou. Ten spyte van die feit dat die diens in Engels gelei is, is dit goed ondersteun deur lidmate uit verskeie gemeentes in die klassis. Na die tyd is almal genooi om saam tee/koffie en verversings te geniet.

Ons susters het die voorreg gehad om die lidmate van Grace Reformed Church by te staan om aan soveel mense iets te ete en drinke aan te bied. Almal het heerlik saam gekuier en ons is dankbaar vir die mooi samewerking tussen ons gemeente en die lidmate van Grace Reformed Church.

Feestelike ontbyt vir bo-sewentigers

Magda du Toit

Dit is meer as net ontbyt - dit gaan oor die sáám wees - kuier, gesels, onthou, kla, lag en groei.

Ons seniorlidmate vertolk onmisbare en veeldoelige rolle in ons gemeente, maar ook in die samelewing. Die afgelope naweek het ons as gemeente hierdie rol erken en gevier deur ons bo-sewentigers te bederf met 'n heerlike laatontbyt (brunch - soos mens in Engels sou sê).

70 van ons lidmate met ouderdomsverskille wat strek oor meer as twee dekades het heerlik saam gekuier.



Kerkfinansies - Oktober 2026

	Oktober2026		Jaar tot datum	
Inkomstes	**Werklik (Rand)**	**Begroot (Rand)**	**Werklik (Rand)**	**Begroot (Rand)**
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	**Werklik (Rand)**	**Begroot (Rand)**	**Werklik (Rand)**	**Begroot (Rand)**
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentasie Mmakau	**	**	**	**
Bate-instanthouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Diensgroepe	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto surpluss / (tekort) vir die maand	**	**	**	**

Vir **Oktober 2026**, het die kerkkas 'n netto tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaat bydraes vir **Oktober 2026** was ** minder as die begrote maand lidmaat bydraes. Die lidmaat bydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote lidmaat bydraes.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentelede, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentelede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik asb. jou nuwe wyknommer as verwysing: **Wyk + Van + Noemnaam**

Diakonie finansies - Oktober 2026

Inkomstes	10 maande van 2026 (Rand)	Gemiddeld per maand 2026 (Rand)
Kollektes	**	**
Voedselhulp	**	**
Rente op belegging	**	**
Hulp aan Boere	**	**
Totale Inkomstes	**	**
Uitgawes	**10 maande van 2026 (Rand)**	**Gemiddeld per maand 2026 (Rand)**
Finansiële ondersteuning:	**	**
• Lidmate	**	**
• Diakonale inrigtings	**	**
Ander bydraes tot ondersteunings aksies:	**	**
• Voedselhulp	**	**
Diverse uitgawes (Bankkoste, Honorarium)	**	**
SURPLUS: voor adhoc uitbetalings	**	**
Adhoc betalings deur die jaar	**	**
Voedselhulp - Mosambiek Predikante	**	**
SDDS - Hulp aan Boere	**	**
Nie-Lidmate	**	**
PK Kinderhuis Dopperspele	**	**
GK Derdepoort	**	**
Netto surplus/ (tekort) vir die jaar	**	**

Ons leer mekaar ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Morné van Eeden



Opgegroei in Pretoria. Studeer in Potchefstroom. Terug na Pretoria om te begin werk. Werk vir vier jaar in Stellenbosch. Keer weer terug na Pretoria. Dis die kort en die lank van Morné van Eeden se lewensverloop.

Morné het as kind saam met sy sussie en sy ouers in Sinoville gebly. Hy gaan skool in Laerskool Stefanus Roos, waar hy en Jean-Louis Els reeds maats word. Na sy hoërskoollewe in Hoërskool Montana gaan studeer hy aan die Noord-Wes Universiteit waar hy 'n honneursgraad in Risikobestuur behaal.

Einde 2017 begin Morné in Pretoria werk en hy skuif in die COVID-tyd na Stellenbosch waar hy as data-analis optree. Hy keer terug na Pretoria en werk tans by Obaro. Intussen studeer hy ook nog Inligtingstegnologie buitemuurs by Belgium Campus ITversity.



Kerklik het Morné binne die Nederduitsch Hervormde Kerk opgegroei. Tydens sy koshuislewe kom hy agter dat hy nie die rede vir God se bestaan en die belangrikheid van die evangelie vir 'n buurman kan verduidelik nie. Hy gaan soek antwoorde en sien dat sy eie lewe wys dat hy nie gered is nie. Hy kom tot bekering en beleef sedertdien intense geloofsgroei. Hy het 'n groot belangstelling in apologetiek, teologie en ook kerkgeskiedenis en lees daarom baie, terwyl hy dit ook geniet om na Gospel-musiek te luister.

Vanuit Stellenbosch het Morné deel begin word van ons gemeente. Dis vir hom belangrik om met mense oor Christus te gesels en daarom vertrou ons, Morné, dat jy voluit deel van ons gemeente sal word en saam met ons in jou lewe vanuit Christus sal groei! Hartlik welkom!

Ons leer mekaar ken ... (vervolg)

Mariné Bosch

Nog 'n oud-Stellenbosser wat by ons as gemeente begin inskakel het, is Mariné Bosch. Sy kom oorspronklik van Kaapstad, waar haar ouers nog bly en waar sy aan Wynberg Girls High gematrikuleer het. Sy was daarna in Stellenbosch waar sy 'n BSc in Bewaringsekologie en Entomologie behaal het. Hierna het sy die lang pad na die noorde aangedurf en by Onderstepoort begin om haar as veearts te bekwaam en is tans aan die einde van haar derde jaar.

Mariné het aanvanklik in die Moot-area gebly en was deel van GK Oos-Moot. Sy het egter aan die begin van 2026 na Katjiepieringstraat getrek. Hier bly sy in 'n woonstel saam met 'n klasmaat en geloofsvriendin, Anúrika de Villiers, saam met hul twee honde wat opgewonde kan speel. Sy en Anúrika kan heerlik op die kombuisvloer sit en gesels, terwyl hulle mekaar ook prakties met die studies bystaan.



Wanneer Mariné nie met haar studies besig is nie, klim sy teen rotsmure uit (Rock Climbing). Sy hou daarvan om viool te speel en was in Stellenbosch-gemeente deel van die musiekbediening.

Vir Mariné is dit belangrik om deel van 'n geloofsgemeenskap te wees waar sy die omarming van die Here se liefde konkreet kan beleef en uitleef. Daarom is ons bly, Mariné, dat jy by ons kom inskakel het. Mag jy saam met ons beleef hoe ons Here ons elke dag dra, ons elke dag met sy liefde toevou en ons deur sy Gees bekragtig om sy liefde ook te leef!

Diakonie

Liefdesbediening binne die gemeente - Diakonale kongres 2026

Gerhard van Staden

Die diakonale kongres met die tema **Word toegerus vir barmhartigheid**, is vanjaar deur die GK Hoëveld in Emalahleni aangebied.

Tydens die kongres is verskeie aanbiedings gedoen waarvan die eerste gehandel het oor die effektiewe liefdesdiens binne die gemeente. Die tweede het gehandel oor effektiewe liefdesdiens buite die gemeente en die derde het gehandel oor die bediening van fisiese brood saam met geestelike brood.

In hierdie, asook in die Desember-uitgawes van Die Fontein, fokus ons spesifiek op die tema wat in die eerste aanbieding behandel is, naamlik liefdesdiens binne die gemeente.

Effektiewe liefdesdiens binne die gemeente

Die gasspreker oor hierdie onderwerp tydens die kongres was ds. Dirk Kotzee van die GK Nelspruit. Ds. Kotzee se bespreking het gehandel oor hoe ons mekaar effektief binne die gemeente kan ondersteun en liefde aan mekaar kan bewys.

Eerstens het hy gekyk na wat effektiwiteit is. Effektiwiteit word bepaal aan meetbare uitkomste om sekere doelwitte te bereik. Liefdesdiens daarenteen het nie meetbare uitkomste nie. Hoekom nie? Dit is 'n vrywillige, praktiese diens.

Wat is liefdesdiens? Jy word nie betaal om 'n liefdesdiens te verrig nie. Dit word gedoen vir Christus en medegelowiges.

Wat is die **doel van liefdesdiens?** (vergelyk ook die opdrag aan die diakens soos vervat in die Kerkorde)

- Sorg dat die gemeente hul eenheid in Christus deur praktiese onderlinge liefde uitvoer.
- Sien toe dat die gelowiges aan almal goed doen.
- Besoek almal en spoor mekaar aan tot praktiese liefde teenoor medegelowiges en aan alle mense.
- Waak daarteen dat niemand weens armoede, eensaamheid, ouderdom of vanweë enige ander omstandighede van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie.
- Beheer die middele en fokus op die diens aan Christus. Die is ook belangrik dat die gemeente vir hierdie diens toegerus word.

Volgens ds. Kotzee kan ons, ons **liefdesdiens prakties toets** deur hierdie drie vrae:

1. Ken ons gemeentelede mekaar?
2. Is ons gemeentelede bewus van wat in mekaar se lewens aangaan sonder om skinderstories te impliseer? Byvoorbeeld: Is ons bewus daarvan dat Piet chemoterapie ontvang en Sannie 'n klein prosedure ondergaan het?
3. Dra ons mekaar se laste? Is ons bereid om mekaar te help waar ons voel dat ons dinge laat val? Byvoorbeeld: Tannie Blom is besig om te trek. Sy kan nie die swaar bokse dra nie. Bied ons hulp aan om haar te help om te trek?

In Handelinge 6:1-7 lees ons dat daar baie werk is, dus moes daar diakens aangestel word om die werk te doen. Die kerk het gegroei en die versorging van mense het toegeneem. Die vraag ontstaan onwillekeurig of daar in die geskiedenis van die kerk tog mense was wat "deur die krake geval het"? Waarom het dit gebeur? Wat is die oplossing?

Die tweede deel van hierdie aanbieding volg in die Desember 2026 uitgawe van Die Fontein.

Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydrae wat deur van ons lidmate ingedien is:

Tydens die opening van die Diakonale Kongres 2026 in Emalahleni (Witbank) het ds. Peter Venter die volgende oor die wese van die diaken te sê gehad nadat hy uit 1 Timoteus 3:8–13 voorgelees het:

Wat verg dit om 'n diaken te wees? Sy antwoord was: Die diaken se dienswerk is duidelik en dikwels sigbaar aangeteken. Dit is 'n dienende roeping wat hoë eise stel. Daar is 'n hoë standaard wat gehandhaaf moet word. Met die eienskappe waaroor 'n diaken moet beskik, word die fokus op die karakter en gedrag van die diaken geplaas. Die diaken mag nie uit twee monde praat nie. Die waarheid moet altyd seëvier. Die diaken mag nie geldgierig wees nie.

Middele en gawes word ingesamel en gebruik om die armes en behoeftiges in die gemeente en omgewing te versorg. Diakens moet ook 'n gesonde kennis van God se Woord hê. Om net middele uit te deel, is die werk van 'n welsynsorganisasie, maar as diakonie word die fisiese brood saam met die Geestelike Brood uitgedeel. Hulle sorg dus vir die fisiese sowel as die geestelike. Diakens bewerkstellig die meelewing van die gemeente se emosionele en geestelike welstand.

Die meeste van die diaken se werk gebeur agter die skerms. Dit word nie altyd raakgesien nie.

Diakonale werk is soms 'n sensitiewe onderwerp. Daarom is dit nodig dat daar spesifieke keuring moet wees en dat diakens nie sommer blindelings aangewys word nie. Diakens moet oor gawes en 'n geskikte karakter beskik. Hulle is verantwoordelik vir die versorging van die gemeente.

Diakens kan egter nie hulle dienswerk sonder die gemeente verrig nie. Gemeentelede moet die vrymoedigheid neem om deur die diakonie gehelp te word. Wanneer gemeentelede voel dat hulle vervreem of eensaam raak in die gemeente, is dit belangrik dat die diakonie verhoudings met daardie lidmate bou. Ons moet mekaar se laste dra.

Om 'n diaken te wees, is 'n roeping! Met die genade van ons Hemelse Vader dien ons Jesus ... so ook ons gemeente ... al borrelende ...

Ons deel met mekaar ...

Geanker in Jesus: Piet Smit & Danie Botha

Hier op die lewensgolwe van die magtige oseaan
Het ek my siel geanker in Jesus my Heer
Beproewings dié omring my en storms val my aan
Ek rus in Sy genade en vertrou Hom meer

Geanker in Jesus kan ek deur storms gaan
Geanker in Jesus as die golwe om my slaan
Geanker in Jesus, op Sy krag kan ek bly staan
Geanker in die Rots van die eeue

Hy lei my uit gevare en gee my vrede soet
Sy stem bring altyd stilte en rus in my gemoed
Want Hy bestuur my lewe, Hy ken die mense goed
En wanneer ek Hom aanroep, is Hy gereed
Geanker in Jesus kan ek deur storms gaan
Geanker in Jesus as die golwe om my slaan
Geanker in Jesus, in Sy krag kan ek bly staan
Geanker in die Rots van die eeue

Geanker in Jesus kan ek deur storms gaan
Geanker in Jesus as die golwe om my slaan
Geanker in Jesus, in Sy krag kan ek bly staan
Geanker in die Rots van die eeue



Kankerbewusmaking-maand



Loraine Deysel het in Oktober tydens Kankerbewusmaking-maand pakkies vir kankerpasiënte bymekaar gesit.

Sy het van die pakkies by Eugene Marais hospitaal gaan afgee.



Het jy geweet?

In die latere eeue van die Christelike era is die anker nie net saam met die kruis uitgebeeld nie, maar ook saam met 'n derde simbool, die hart. Saam het hierdie drie simbole die deugde van 1 Korintiërs 13:13 versinnebeeld, naamlik **geloof (kruis), hoop (anker) en die liefde (hart).**



Bron:
Stander, H. 2000. Simbole – veilig of gevaarlik. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Blokraai - November 2026

- Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.

Ons het vanaf Julie 2026 met die nuwe suksestelling begin: Elke opeenvolgende maand wat jy 'n korrekte blokraai instuur, kry jy 'n fonteintjie. Die lidmaat wat teen Julie 2027 die meeste fonteintjies het, kry 'n spesiale prys. So probeer jou bes om elke maand die korrekte blokraai in te stuur!

- Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papier-weergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte blokkiesraaisels:

- **Rita Kruger**
- **Jan Rehder**
- **Blignaut Viljoen**

Naam en van:_____



Blokraai (vervolg)

Leidrade - Af:

2. Die tema van die Diakonale Kongres 2026 kan in die een woord opgesom word. (uit Diakonale Kongres 2026)
3. Sonder die Lewende Water is ons soos plante wat ___. (uit Gebedsversoeke)
5. Aan die positiewe kant is slange soms ook in antieke tye as simbool van ___ gebruik. (uit Diere en voëls van die Bybel)
7. Wat is die predikant wat die Hervormingsdiens gelei het se naam? (uit So het God ons hervorm)
9. Waar het die Diakonale Kongres 2026 plaasgevind? (uit Diakonale Kongres 2026)
10. Watter mense is geneig om te swig voor verkeerde druk? (uit Gewoontes kan ons anker in ons lewens ...)
12. 'n Anker was ook 'n ___eenheid. (uit Het jy geweet?)
14. Wie spesifiek is deur 'n slang gebyt? (uit Diere en voëls van die Bybel)
16. Watter tipe slang was 'n beeld van die kruisiging? (uit Diere en voëls van die Bybel)
19. Waarvan is die anker volgens 1 Korintiërs 13 'n simbool? (uit Het jy geweet?)

Leidrade - Dwars:

1. Wat is die vyfde manier hoe ons onsself kan help om in die geloof geanker te bly? (uit 5-punt plan vir vaste geloof)
4. Wie se woorde word in Ps. 23:4 aangehaal? (uit Woordoordenking)
6. Sonder die Here as ons anker, kan ons maklik ___ in die lewe. (uit Redakteursbrief)
8. In ___ staan daar dat diakens aangestel is om die baie werk in die gemeente ligter te maak. (uit Diakonale Kongres 2026)
11. Watter kunstenaar is by die lied "Geanker in Jesus" betrokke? (4,4)
13. Waar werk Morné? (uit Ons leer ken ...)
15. Wat is in die ontstaansjare van die Christendom op grafte aangebring? (uit Het jy geweet?)
17. Wie was saam met Paulus in die boot op pad na Rome? (uit Woordoordenking)
18. Wat is simbolies van gevare en vrese in Jesus se tyd op aarde gesien? (uit Geanker in geloof bo en behalwe omstandighede)
20. Waarin het Daisy die kermis verander? (uit Kermis)
21 In watter straat bly Mariné? (uit Ons leer ken ...)

Oplossing: Oktober blokraai



Het jy geweet?

Die anker is 'n baie ou simbool wat reeds in die ontstaansjare van die Christendom gevind kan word. (vgl. Heb. 6:19). In die tweede eeu n.C. het die teoloog Klement van Aleksandrië Christene vermaan om nie heidense embleme op hul seëlringe te dra nie, maar wel Christelike simbole soos die vis, duif of die anker. Die anker is ook dikwels op grafte aangebring. Dit het die betekenis van hoop uitgedra, naamlik die hoop op redding op die dag van die opstanding. Die Christene het egter ook verder gesê dat hul gestorwe broers in Christus nou by hul bestemming aangekom het, naamlik die ewige en die hemelse hawe van vrede.

Bron:
Stander, H. 2000. Simbole – veilig of gevaarlik. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

(statistiek)
Dawid word 1 139 keer in die Bybel genoem, tweede na Jesus.
Bron:
Fassinerende feite uit die Bybel, JUIG! Tydskrif, s.a. Kaapstad: JUIG! Tydskrif.

Diere en voëls van die Bybel

Slange (Deel 10)

Gerhard van Staden

Slange word ongeveer sewentig keer in die Bybel genoem. Heelwat Hebreeuse en Griekse woorde is gebruik om slange te beskryf. In die Ou Testament word daar van nege verskillende terme gebruik gemaak om na spesifieke soorte slange of adders te verwys! Slange kom reg oor die Beloofde Land voor. Dit sluit in die giftige kobras en adders asook nie-giftige slange, byvoorbeeld die Siriese swartslang en die katslang.



Die slang speel 'n prominente rol in verskeie bekende Bybelverhale, hetsy histories, simbolies of metafories. Hier volg 'n paar voorbeelde:

- Die sondeval (Gen. 3:1 – 5). Eva is deur die slang verlei om die verbode vrug van die boom van kennis te eet. Derhalwe vervloek God die slang bo al die diere en sou hy vir ewig op sy maag seil en stof eet (Gen. 3:14 – 15).
- Die uittog uit Egipte (Eks. 4 en 7) en die koperslang (Num. 21:6 – 9). Die Israeliete kla oor hul lot in die woestyn. God stuur giftige slange wat baie mense laat sterf. God beveel Moses om 'n koperslang te maak. Dié wat na die koperslang kyk, word genees (dus 'n simbool van verlossing).
- Jesus het later hierdie gebeurtenis (koperslang) gebruik as 'n metaforiese beeld van sy kruisiging en gesê: "Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word" (Joh. 3:14).
- Paulus se slangbyt (Hand. 28:1 – 6). Paulus is histories deur 'n giftige slang gebyt, maar het niks oorgekom nie. Die eilandbewoners was verbaas en het hierna besluit Paulus is 'n god.
- 'n Simboliese verwysing na die eindtyd (Op. 20:2). Dit is die Nuwe Testament wat ons vertel dat Satan "die slang van ouds is" (Op. 12:9).

Die Bybel skets egter ook 'n positiewe betekenis aan die slang. In Matteus 10:16 vermaan Jesus byvoorbeeld sy dissipels om "versigtig soos slange" te wees. Talle antieke teoloë het derhalwe die slang ook as 'n simbool van wysheid gebruik. In die antieke kerk het 'n tradisie ontstaan dat 'n biskop 'n T-vormige staf (simbool van die kruis) met 'n slangkop op elk van die twee punte van hierdie T gebruik het. Dit het die wysheid waarmee die biskop as herder sy gemeenskap moes lei, gesimboliseer.

In Desember 2026 sluit ons die reeks oor diere en voëls van die Bybel af en kyk ons na visse.



Bronnelys:

- Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House
- Beaumont, M. 2007. Die eenstop-Bybelgids. S.l.: Maskew Miller Longman.
- Stander, H. 2000. Simbole – veilig of gevaarlik. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.

Tienerfokus
Henriëtte Mulder



Gewoontes kan ons anker in ons lewens ...

Het dit al ooit vir jou gevoel of jou gewoontes stadig maar seker jou lewensanker uit sy plek lig? En wat van gewoontes wat jou anker stewiger vashou?

Elke gewoonte wat ons het, het 'n invloed op ons lewens. Daarom is die gewoontes wat ons aanleer so belangrik vir ons lewens. Ons het wel beheer oor die gewoontes wat ons aanleer. Hierdie gewoontes kan ons dan ook help wanneer die druk, ja ook groepsdruk, te veel word.

Voordat ons kan werk aan die gewoontes wat ons kan help, moet ons eers gaan selfondersoek doen oor wat die groepsdruk is wat ons gewoonlik vang? Verwyder dit wat jy moontlik kan – indien dit vriende is wat nie goed is vir jou nie, spandeer minder tyd saam met hulle. Dit is nie altyd moontlik om weg te bly uit elke situasie waarin groepsdruk jou kan vang nie. Daarom is dit belangrik om gewoontes te vorm waarin ons ons geloof en beginsels kan anker om teen groepsdruk te stry.

Hier is 'n paar gewoontes wat sal help om jou anker stewig vas te lê.

1

Lees jou Bybel en bid.
"Ken Hom in alles wat jy doen ..." (Spr. 3:6a). Dit is makliker om iemand te vertrou wanneer ons hulle ken, dit geld ook vir ons verhouding met God.

2

Bring tyd saam met die regte mense deur.
Die Bybel is vol voorbeelde van goeie vriendskappe en dat ons tyd moet spandeer saam met mense wat ons nader aan God trek. Wanneer dit gebeur, sal dit dan ook makliker wees om nie in te gee aan die groepsdruk nie.

3

Behandel ander soos jy behandel sal wil word.
Ja, ook die wat druk op jou plaas om verkeerd te doen. Soms is 'n bietjie liefde, verstaan en daarwees al wat nodig is vir iemand anders om weg te beweeg van die druk wat hulle op jou of ander wil plaas.



4 **Leer om te vergewe (Kol. 3:13).**
Vergifnis is nie iets wat maklik kom nie, maar dit help nie net die een wat vergewe word nie, maar ook die een wat vergewe. Dit keer dat ons nie bitter word nie, want bitter mense is geneig om te swig voor die verkeerde. Dan moet ons ook onthou, ons moet ook jammer kan sê en vergifnis vra.

Daar is nog baie gewoontes wat ons kan kweek om seker te maak dat ons anker vas lê. Kies een om aan te werk en stelselmatig kan nog bygevoeg word. Kies die gewoontes wat jou sal help om jou te versterk, nie net wat 'cool' is of lyk nie.

Kermis – Deel 3

Nicola du Plessis



"So kan dit nie aangaan nie!" roep die kok bo die geraas van die skare uit. Hy hyg na sy asem. "Iemand, doen iets! Hierdie perd gaan my opvreet!"

"Moet nie bekommer nie, Meneer! Sy het nog nooit iemand opgeëet nie!" roep haar eienares agter die kok aan. Uitasem kom sy tot stilstand. Die kinders wat agter haar aanhardloop het, moet die remme hard aanslaan om nie in haar vas te hardloop nie.

"Ek het 'n plan," laat een van die ouderlinge hoor. "As jý," hy wys na Daisy se eienaar, "daar agter die vrugteslaaitafel gaan wag en ońs," hy wys na homself en die ander mense wat daar rondstaan, "jaag haar tot by jou en jy kan haar gryp, dan is ons probleme mos opgelos."

"Wel, dis altyd 'n opsie, ek –" haar sin word eers deur die kok en dan Daisy wat tussen hulle deur hardloop, kortgeknip. Hierdie kans kan sy nie laat verbygaan nie. Sy steek haar hand voor Daisy se bors in met die hoop om haar te stop. Dit gaan egter nie soos wat dit moes nie. Daisy se momentum sleur haar mee ...

Vir die eerste paar meter sien jy net gras waai. Twee bruin sandstrepe bly agter soos wat haar voete op die gras sleep. Dan draai sy om en hardloop strompelend 'n paar tree saam met Daisy, haar arms steeds om die donkie se nek geklem. Haar voetwerk verbeter en met, wat seker veronderstel was om 'n swierige sprong te wees, kom sy op Daisy se rug te lande.

Die kerk se kermis het skielik in 'n onbeplande rodeo verander. Daisy gee so 'n paar bokspringetjies, maar die vrou ken haar sit. En dan, net so skielik soos wat alles begin het, hou dit weer op. Daisy stop dood en eet doodluiters verder aan die gras. Asof niks so pas gebeur het nie. Die vrou wat reg was vir nog 'n sprongetjie trek soos 'n pyl uit 'n boog deur die lug. Sy land pens en pootjies bo-op die roomysstalletjie se tafel. 'n Skep pienk roomys, wat in die slag gebly het, loop in 'n streep teen haar gesig af. Die kinders skater toe sy opstaan en vies die roomys van haar gesig afvee. Asof sy verstaan wat aangaan, balk Daisy oorverdowend.

"Hoekom hardloop daai oom nog steeds?" vra Tommy en wys na die kok.
"Iemand moet hom seker sê die aksie is verby."
So in die praat draf die ouderling agter die kok aan. "Haai! Jy daar, die donkie jaag jou nie meer nie!" roep hy.
Wat?!" kom die antwoord terug. "Is dit veilig om op te hou hardloop?!"
"Ja!" roep die ouderling terug. Die kok stop, draai om en loop hygend terug. Hy stop 'n end van die mense af.
"Is julle doodseker dis veilig?"
"Ja, Meneer, al die aksie is verby," stel Daisy se eienaar hom gerus.
Die kok knik en loop weer na sy stalletjie. Die stapel pannekoeke is sowaar steeds op mekaar op die bord. Hy kom egter nie ver nie ...

Hy trap op die skep smeltende aarbeiroomys. Asof in stadige aksie gly sy voete onder hom uit. Die berg pannekoeke trek met 'n boog deur die lug.

Stomgeslaan kyk almal na die petalje. Tommy kry eerste beheer van sy stembande:
"Mamma, kan ons ook 'n donkie kry?"

Die einde

KLEUTERPRET

INKLEURPRENT

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.
Plaas jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



Jongmensjolyt
Hoe om my geloof te anker!

Lees elke uitdaging en voltooi die aktiwiteit. Kyk of jy al vyf hierdie dinge gedurende die maand kan doen!

1

Bid gedurig

Skryf of teken waaroor en vir wie jy elke dag met die Here wil praat.

2

Lees jou Bybel

Vul die ontbrekende woord in:
"U _____ is 'n lamp vir my voet en 'n _____ lig vir my lewenspad."
(Psalm 119:105)

3

Raak betrokke by die gemeenskap van gelowiges

Elke Sondag by die kerk, gaan stel jouself voor aan iemand wat jy nie ken en praat met mekaar oor Jesus.

4

Doen goed aan ander

Voltooi die sin: Hierdie maand gaan ek mense help deur:

_____

_____

_____

5

Wees dankbaar

Skryf drie dinge neer waarvoor jy dankbaar is:

_____

_____

_____

Onthou:

Klein dingetjies wat ons elke dag doen, help ons om ons geloof te anker en te groei!

My maand se geloofsuitdagings:

(Merk elke blokkie wanneer jy die uitdaging voltooi het)

- ☐ Ek het gebid.
- ☐ Ek het Bybel gelees.
- ☐ Ek het tyd saam met ander gelowiges deurgebring.
- ☐ Ek het iemand gehelp.
- ☐ Ek het vir God dankie gesê.

Het jy geweet?

Het jy geweet dat 'n anker ook 'n ou maateenheid is wat vir wyn en vishandel gebruik is?
Dit is ekwivalent aan 35 liter.



Spreekwoorde waarin anker gebruik word:

"Hy gooi anker by haar."
[Hy kuier by haar.]
"Hy lê voor sy laaste anker"
[Dit gaan baie sleg met hom.]

Snuffelfontein



Heerlike kolwyntjies te koop!
Grootes:
*Klein=R5
*Medium=R8
*Groot=R12
-Kontak vir Magda Pietersen by 083 759 9697 vir bestellings.



Ingelegde slaaie
-Kerriebone: R90
-Koperpennie, uie en spaghetti: R80
-Beetslaai (groot): R70; (klein): R40
-Kontak vir Lorain Deysel by 084 503 3369.



Pelvic Care - Mayville
-Bekkenbodemrehabilitasie en welstand.
-30min konsultasie.
-Kontak Renate Wannenburg by 082 443 7081 vir konsultasie.

Blokadvertensies










Almal word hartlik uitgenooi na GK Pretoria-Annlin se
KERSGELEENTHEID
SONDAGAAND
29 NOVEMBER 2026
OM 18:30
GK PRETORIA-ANNLIN


Kersliedere by Kerslig
24 Desember om 18:30
Gereformeerde Kerk
Pretoria - Annlin
Bring jou piekniekmandjie en
begin hierdie Christusfees
met die sing van Kersliedere
onder die sterre.
Almal welkom
Everyone welcome
(Indien dit reën sal dit in die kerksaal plaasvind)


GELOFTEDIENS
WOENSDAG; 16 DESEMBER 2026 OM 8:00
ALMAL WELKOM!
GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN
H/V BRAAM PRETORIUS EN KANEELBASLAAN









Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:



Die Fontein

GK Pretoria-Annlin Maandblad